

6 November

Spreuke 22:9-11; Kolossense 4:6

Vriendelikheid is meer as 'n plakkertjie met 'n glimlag op

Christelike vriendelikheid kan in jou oë, woorde en daede gesien word. *Wie vriendelik is, hy word geseën.* Die Hebreeuse woord vir vriendelik in hierdie Skrifgedeelte sê eintlik baie meer as wat ons Afrikaans vertaal. Daar staan wie vriendelik (*of gelukkig, of ryk, of barmhartig, of aangenaam, of oorfloedig*) van OOG is. Vriendelikheid word met jou oë oorgedra. Jou oë sê dat jy jou toegeneentheid, meelewing en minzaamheid aan iemand anders toewys. Maar nie net jou oë nie, ook jou woorde openbaar jou vriendelikheid. Vers 11: *"wie se lippe aangenaam is - die koning is sy vriend."* Opregte vriendelikheid blyk uit wat uit jou mond kom. Kolossense 4:6: *"Laat julle woord altyd aangenaam wees, met sout besprinkel..."* Sout het veral die kenmerk om smaak aan iets te gee. Ons aangename manier waarmee ons met mense in gesprek is en die skoonheid en mooiheid van ons gesprekke, moet dit vir mense aangenaam maak om met ons kontak te hê. Hulle moet sê: "Mens kuier lekker by hom, of dis lekker om saam met haar te werk, want sy is altyd vriendelik in wat sy sê." Christelike vriendelikheid is sigbaar in jou oë en hoorbaar in jou woorde, maar ook tasbaar in jou daede. Vriendelikheid doen ook. Spreuke 22:9: *"Wie vriendelik is, hy word geseën, omdat hy van sy brood aan die arme gee".* Vriendelikheid het 'n oop hand om te help. Vriendelikheid gee van jou eie brood aan die arme. Dit laat ander deel in wat jy van God ontvang het. Vriendelikheid sien die nood van ander raak en voorsien daarin op 'n verstandige en liefdevolle wyse. Dit sien nie net die stoflike nood van ander raak nie, maar ook die nood aan troos, bemoediging en raad. Spreuke 12:25: *"Bekommemis in die hart van 'n mens druk dit neer, maar 'n vriendelike woord vrolik dit op."* Jou vriendelikheid laat God aan die woord kom van uit die Skrif. Vriendelikheid bring die bedrukte daartoe om weer deur die evangelie van vreugde tot lof en blymoedige diens van die Here te kom. Spreuke 16:24: *"Vriendelike woorde is soos 'n heuningkoek: soet vir die siel en 'n genesing vir die gebeente."* Vriendelike bemoediging het die soet van die beloftes van God in hulle. Psalm 119:103: *"Hoe soet is u beloftes vir my verhemelte, meer as heuning vir my mond."* Besef jy dat jou vriendelikheid werklike bemoediging en verligting van spanning en angs bring? Wie in vriendelikheid God aan die woord laat kom, genees lewens en bring hoop.

Sing: Psalm 95:1

Ds. D. J. Bakker (Boksburg)